higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 3

(7601053)

3 November 2023 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

004Q2N2303

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTEDHEID (Tweede vraestel)
NKR VLAK 3
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae deeglik.
3. Gebruik toepaslike toepassingsprogramme en plaas alle DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.
4. Die tyd wat vir elke vraag toegeken is, is 'n riglyn om jou te help om die VRAESTEL betyds te voltooi.
5. Die tyd wat vir hierdie VRAESTEL toegeken is, sluit druktyd in.
6. Dit is jou verantwoordelikheid om jou werk gereeld te stoor om verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te verhoed. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk in te haal nie.
7. In die geval van 'n rekenaar- of drukkerweiering sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir jou om met die eksamen voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, sal bykomend toegelaat word.
8. Die speltoetser mag gebruik word.
9. Nommer die DRUKSTUKKE volgens die nommeringstelsel wat in hierdie VRAESTEL gebruik is.
10. Eksamen- en sentrumnommers moet korrek op die EKSAMENOMSLAG geskryf word en die weergawe van die sagteware wat gebruik is, moet aan die bokant van die dekblad geskryf word. (Bv. MS Office 2007).
11. Verseker dat elke DRUKSTUK die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER toon soos aangedui is.

1.2 Geskrewe EKSAMENNOMMERS sal NIE aanvaar word nie.

13. Punte sal nie vir enige DRUKSTUKKE sonder 'n gedrukte EKSAMENNOMMER en konsekwente WATERMERK toegeken word nie.
14. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die VRAESTEL rangskik word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag mag ingelewer word.
15. Elke antwoord moet slegs op EEN kant van 'n afsonderlike bladsy gedruk word.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1 **TYD: 20 MINUTE**

As een van die studente in lewensvaardighede en rekenaargeletterdheid het jy opdrag gekry om met die studente in vlak 3 oor die miskenning van menseregte te praat.

1.1 Gebruik MS Word en die instruksies hier onder om die dokument akkuraat in te sleutel. (9)

1.2 Gebruik Arial 12 pt as lettertipe. (1)

1.3 As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 1 regsbelyn in. (1)

1.4 Redigeer die hoofopskrif 'Menseregteskendings' na Forte 16 pt. (1)

1.5 Sentreer die hoofopskrif. (1)

1.6 Stel die kantruimtes van die hele dokument na 3 cm links en regs. (1)

1.7 Justeer die hele dokument. (1)

1.8 Gebruik die eerste en tweede paragraaf om twee kolomme met 'n streep tussenin te skep. (2)

1.9 Stoor die dokument as MENSE 1 op jou disket of volgens die kollege se eksamenregulasies.

1.10 Druk die dokument op EEN landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[18]

Menseregteskendings

Om te skend beteken om teen iets op te tree wat met respek behandel moet word. 'n Menseregteskending is die ontneming van die vryheid van denke en beweging waarop alle mense wetlik geregtig is. Hoewel individue hierdie regte kan skend, kan die verwantskap of regering van beskawings gemarginaliseerde persone dikwels afbreek.

Twee kolomme

'n Staat skend menseregte direk of indirek. Skendings kan doelbewus deur die staat gedoen word en is die gevolg van die staat wat die skending nie voorkom nie. Wanneer 'n staat by menseregteskendings betrokke is, kan verskeie belanghebbers soos die polisie, regters, aanklaers, regeringsbeamptes, ensovoorts 'n rol speel.

Die skending kan fisies van aard wees, soos polisiebrutaliteit, terwyl die reg op 'n billike verhoor ook geskend kan word waar geen fisiese geweld betrokke is nie.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 **TYD: 23 MINUTE**

2.1	Herwin die dokument wat jy as MENSE 1 gestoor het en redigeer dit volgens die instruksies hier onder:	
2.2	Skrap jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 1 in die voetskrif.	(1)
2.3	As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 2 gesentreer in.	(1)
2.4	Voeg 'n bladsybreuk in soos aangedui is.	(1)
2.5	Sleutel die nuwe inligting in soos aangedui is.	(3)
2.6	Voeg enige geskikte prent in en formateer dit volgens die instruksies in die dokument.	(4)
2.7	Voeg die tabel met twee kolomme in soos dit in die dokument voorkom.	(1)
2.8	Voeg randte om die kolomme in soos aangedui is.	(1)
2.9	Verander die voorkoms van die tabelopskrif 'Voorbeelde ... in private lewe' na Algerian 16 pt.	(1)
2.10	Gebruik 'n ligte grys kleur in die eerste ry van die tabel.	(1)
2.11	Verander die kolomopskrifte na bokas (hoofletters) en vetdruk.	(2)
2.12	Gebruik 'n kolpuntlys (*bullet list*) by die teks in die regter- en linkerkolomme soos aangedui is.	(2)
2.13	Sorteer die inligting in die regterkolom alfabeties in stygende volgorde.	(1)
2.14	Voeg bladsynommers linksbelyn in die voetskrif in.	(2)
2.15	Stoor die dokument as MENSE 2 op jou disket of volgens die kollege se eksamenregulasies.	
2.16	Druk die dokument in portretoriëntasie en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.	(1)
		[22]

Menseregteskendings

Om te skend beteken om teen iets op te tree wat met respek behandel moet word. 'n Menseregteskending is die ontneming van die vryheid van denke en beweging waarop alle mense wetlik geregtig is. Hoewel individue hierdie regte kan skend, kan die verwantskap of regering van beskawings gemarginaliseerde persone dikwels afbreek.

'n Staat skend menseregte direk of indirek. Skendings kan doelbewus deur die staat gedoen word en is die gevolg van die staat wat die skending nie voorkom nie. Wanneer 'n staat by menseregteskendings betrokke is, kan verskeie belanghebbers soos die polisie, regters, aanklaers, regeringsbeamptes, ensovoorts 'n rol speel.

Die skending kan fisies van aard wees, soos polisiebrutaliteit, terwyl die reg op 'n billike verhoor ook geskend kan word waar geen fisiese geweld betrokke is nie.

…… bladsybreuk……

Voorbeelde van menseregteskendings is: mishandeling, mensehandel, volksmoord en vreemdelingehaat.

Voeg 'n toepaslike prent in

1. *Verander na 5 cm hoog en wyd*
2. *Voeg 'n raam van 6 pt met lang strepies in*
3. *Linksbelyn die prent*

Mishandeling

Mishandeling beteken onmenslike behandeling. Kom ons konsentreer op twee vorms van mishandeling; daar is baie ander.

Algerian grootte 16

Vetdruk en BK

Voorbeelde van mishandeling in die privaat lewe

Geslagmishandeling	Kindermishandeling
➢ Die ontneming van 'n kind se menseregte (bv. om opvoeding van meisies te weerhou).	▪ Die ontneming van 'n kind se menseregte (bv. om hom of haar nie toe te laat om opgevoed te word nie).
➢ Gedwonge sterilisasie of aborsie.	▪ Om kinders in 'n huwelik in te verkoop.
➢ Verkragting binne 'n verhouding (bv. huweliksverkragting).	▪ Ouers of versorgers wat kinders mishandel.
➢ Skending van vroulike geslagsorgane.	▪ Skending van vroulike geslagsorgane.

Liggrys

sorteer

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: SIGBLAD

VRAAG 3 **TYD: 10 MINUTE**

Jy is gevra om 'n sigblad met statistiek oor menseregteskendings te skep.

3.1 Gebruik MS Excel om die sigblad hier onder in te sleutel. Moenie ry- en kolomopskrifte (rame) insleutel nie. Dit is bloot ingesluit om aan te dui watter selle gebruik moet word. (4)

3.2 As 'n voetskrif, sleutel VRAAG 3 en jou EKSAMENNOMMER regsbelyn in. (1)

3.3 Gebruik Arial 10 pt. (1)

3.4 Pas die kolombreedte aan soos aangedui is. (1)

3.5 Stoor die dokument as MENSE 3 op jou disket of volgens die kollege se eksamenregulasies.

3.6 Druk die sigblad SONDER ry- en kolomopskrifte op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[8]

1	A	B	C	D
2	MENSEREGTESKENDINGS			
3				
4	JAAR	GESLAGSMISHANDELING	KINDERMISHANDELING	MENSEHANDEL
5	2014	511	992	121
6	2015	236	895	211
7	2016	536	1021	100
8	2017	536	990	104
9	2018	592	564	56

VRAAG 4 **TYD: 30 MINUTE**

Herwin die dokument wat jy as MENSE 3 gestoor het en bring al die veranderinge aan soos in die sigblad en in die instruksies wat volg aangedui is.

4.1 Skrap die EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER in die voetskrif. (1)

4.2 As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 4 linksbelyn in.- (1)

4.3 Voeg nuwe kolomme en rye in soos aangedui is. (3)

4.4 Verander die voorkoms van die hoofopskrif na Lucida Handwriting 18 pt. (1)

4.5 Voeg saam en sentreer die opskrif in ry 1 oor die sigblad. (1)

4.6 Omvou (*wrap*) die teks in ry 5 soos aangedui is. (1)

4.7 Voeg formules in waar die alfabetletters verskyn om die volgende berekeninge te doen:

A TOTAAL = Die som van ALLE menseregteskendings vanaf 2014 tot 2018. (1)

B % van TOTAAL = Totaal van elke ry met 1% vermenigvuldig. (1)

C TOTAAL = SOM van % van TOTAAL. (1)

D MINIMUM = Laagste syfer geslagsmishandeling aangemeld. (1)

E MAKSIMUM = Hoogste syfer kindermishandeling aangemeld. (1)

4.8 Voeg rame in soos aangedui is. (1)

4.9 Vertoon alle syfers as heelgetalle. (1)

4.10 Kontroleer spelling en stoor die sigblad as MENSE 4 op jou disket of volgens die kollege se eksamenregulasies. (2)

4.11 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-portretbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[18]

Kopiereg voorbehou

Lucida handwriting 18
Voeg saam en sentreer

	A	B	C	D	E	F	G
1	MENSEREGTESKENDINGS						
2							
3	REGTESKENDING GERAPPORTEER						
4							
5	JAAR	GESLAGS-MISHAN-DELING	KINDER-MISHAN-DELING	VOLKS-MOORD	MENSE-HANDEL	TOTAAL	% van TOTAAL
6	2014	511	992	510	121	**A**	**B**
7	2015	236	895	510	211		
8	2016	536	1021	510	100		
9	2017	536	990	505	104		
10	2018	592	564	500	56		
11	TOTAAL						**C**
12							
13	MINIMUM	**D**					
14							
15	MAKSIMUM		**E**				
16							

VRAAG 5 **TYD: 5 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy as MENSE 4 gestoor het en bring die veranderinge aan soos hier onder aangedui is.

5.1 Verander VRAAG 4 na VRAAG 5. (1)

5.2 Vertoon die formules. (5)

5.3 Pas die kolomwydtes aan om die formules volledig te vertoon. (1)

5.4 Stoor die dokument as MENSE 5 op jou disket of volgens die kollege se eksamenregulasies.

5.5 Druk die sigblad op EEN A4-landskapbladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[8]

VRAAG 6 **TYD: 8 MINUTE**

Maak die sigblad oop wat jy as MENSE 4 gestoor het en bring die veranderinge aan soos hier onder aangedui is.

6.1 Skrap VRAAG 4 en jou EKSAMENNOMMER in die kopskrif. (1)

6.2 Voeg 'n KLUSTERKOLOMGRAFIEK (*clustered COLUMN chart*) in om die verskillende tipes menseregteskendings te vergelyk. (Sluit die Jaar-kolom uit). Herskaleer (*resize*) die grafiek dienooreenkomstig. (1)

6.3 Vertoon die legende aan die regterkant van die grafiek. (1)

6.4 Voeg die volgende inligting as grafiektitel in:
EKSAMENNOMMER en VRAAG 6
MENSEREGTESKENDINGS (2)

6.5 Stoor die dokument as MENSE 6 op jou disket of volgens die kollege se eksamenregulasies.

6.6 Druk die grafiek as 'n voorwerp (*object*) en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[6]

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: AANBIEDING (POWERPOINT)

VRAAG 7 **TYD: 24 MINUTE**

Jy moet 'n skyfie-aanbieding met DRIE skyfies in MS PowerPoint skep.

7.1 Volg die instruksies hier onder om die aanbieding te skep. (4)

SKYFIE 1: TITLE AND TWO CONTENT

7.1.1 Sleutel die hoofopskrif in lettertipe, COOPER BLACK, 54 pt in. (2)

7.1.2 Voeg kolpunte in soos aangedui is. (1)

7.1.3 Regsbelyn die inhoud van die linkerkantste kolom. (1)

7.1.4 Voeg 'n toepaslike prent in die regterkolom in en herskaleer dienooreenkomstig. (1)

Kopiereg voorbehou

7.2 **SKYFIE 2: TITLE AND CONTENT**

7.2.1 Verander die lettertipe van die opskrif na Lucida Handwriting 32 pt. (1)

7.2.2 Vertoon die opskrif in bokas en regsbelyn. (1)

7.2.3 Voeg nommering in soos aangedui is. (1)

7.3 **SKYFIE 3: COMPARISON**

7.3.1 Sleutel die hoofopskrif in vetdruk grootte 44 in. (2)

7.3.2 Verander die lettertipe van die kolomopskrifte na Edwardian Script MT 36 pt. (1)

7.3.3 Nommer die linker- en regterkantste kolomme soos aangedui is. (2)

7.3.4 Sentreer die regterkantste kolom soos aangedui is. (1)

7.4 As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 7 gesentreer op alle skyfies in. (1)

7.5 Stoor die aanbieding as VELDTOG op jou disket of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

7.6 Druk die hele aanbieding as uitdeelstukke (*handouts*), drie (3) skyfies per bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

SKYFIE 1: TITLE AND TWO CONTENT

KINDERMISHANDELING ← *Lettertipe Cooper Black 54 pt*

- Om kinders vir 'n huwelik te verkoop.
- Ouers of versorgers wat kinders mishandel.
- Enige vorm van marteling of onmenslike behandeling.
- Vroulike babamoord.
- Gedwonge prostitusie.

kolpunte

Voeg enige toepaslike prent in

SKYFIE 2: TITLE AND CONTENT

Teenstand teen menseregteskendings ← *Lettertipe Lucida Handwriting 32 pt*

8

a. Besoek webwerwe van menseregte-organisasies gereeld.
b. Teken in vir sulke organisasie se nuusbriewe.
c. Teken hul amptelike aanlyn petisies.
d. Skenk geld, klere en ander items.
e. Doen vrywilligerwerk.

Voeg nommering in

SKYFIE 3: COMPARISON

Ondersteuning teen en aanmelding van menseregteskending

Nasionale howe en kommissie	Nasionale en streeksorganisasies
1. Die Konstitusionele Hof. 2. Gelykheidshowe. 3. SAMRK. 4. KGG.	I. Sonke Gender Justice network. II. Western Cape Network on Violence Against Women. III. GRIP. IV. POWA, ens.

Voeg nommering in

Gesentreer

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou